

Om sy pad gereed te maak

Lukas 1: 67-79



Op hierdie derde Sondag van Advent oordink ons die lied van Sagaria – die bekende Benedictus wat deur verskeie komponiste getoonset en in die wêreldwye skat van kerkmusiek opgeneem is. Dit is ‘n lied swanger aan teologiese inhoud.

I

Maar eers net die agtergrond. Die verhaal speel af in tyd van oorgang tussen die Ou en Nuwe Testament, op die brug wat dié twee eras aan mekaar verbind, maar terselfdertyd ook die brug wat die twee eras van mekaar skei. Sagaria en sy vrou Elizabeth was al baie bejaard, kinderloos. Elizabeth was verwant aan Maria, die moeder van Jesus. Sagaria het nougeset diens gedoen as priester in die Tempel; hy het die Messiaanse beloftes van die Ou Testament geken; hy het elke dag geleef en tempeldiens gedoen in die hoop dat hierdie beloftes waar sou word... dalk nog in sy leeftyd!

Toe, eendag, terwyl hy weer die wierookoffer op die altaar moes laat brand, het niemand minder nie as die engel Gabriël aan hom verskyn en aangekondig dat hy en Elizabeth ‘n seuntjie gaan hê, ‘n besondere kind wat vir ‘n belangrike werk bestem is – hy sou die wegbereider vir die koms van die Messias wees. Dieselfde gees en krag wat in die profeet Elia – die grootste profeet van die Ou Testament – gewerk het, sou ook in die seuntjie, die groot profeet van die Nuwe Testament, werk. Sagaria moes die seuntjie Johannes noem. Dit

was goeie nuus, ongelooflike nuus! Maar die arme ou Sagaria het hom stom geskrik, vir maande kon hy geen woord uitkry nie.

Na klein Johannes se geboorte het hulle hom op die agste dag gebring om besny te word – ook hy moes eers ingelyf word in die Ou Testamentiese verbond as erfgenaam van al die verbondsbeloftes en verbondseëninge. Tussen die Ou en Nuwe Testament is daar ‘n sterk verbinding, ‘n lyn wat deurloop. Sagaria het op ‘n bordjie geskryf: sy naam is Johannes, wat beteken: “God was genadig”. “God is genadig!” En toe skielik kry hy sy stem terug en sing hy daar in die tempel ‘n vreugdelied, die Benedictus – Latyn vir die eerste woorde van die lied: “Lofwaardig is die Here!”.

Hierdie lied bestaan uit twee hoofdele. Die een deel besing God se lofwaardigheid, en die ander deel van die lied is ‘n profesie oor die kindjie Johannes.

II

Die eerste deel van die lied sing oor God wat sy beloftes hou. God het gedink aan sy verbondsbelofte dat Hy ‘n Messias vir Israel sou stuur, ‘n verlosser, iemand uit die geslag van Dawid. Nie net sal hierdie Messias Israel van hulle vyande kom verlos nie, maar Hy sal hulle ook van hul sonde verlos, die breuk tussen die God en mense weer kom herstel. Reeds aan ou vader Abraham het God dit belowe toe Hy die verbond met Abraham en sy nageslag gesluit het: “Ek sal jou God wees en jy en jou kinders sal my volk wees. Ek sal julle seën en julle sal ‘n seën vir die hele wêreld wees ... uit julle sal die Messias vir die hele wêreld kom”. So het die verbond gelui. En nou, so sing Sagaria die priester en profeet tussen die Ou en Nuwe Testament, nou het al hierdie beloftes van die Ou Verbond waar geword.

Sagaria gebruik ‘n pragtige, tipies Ou Testamentiese beeld om hierdie oorgang van die ou tyd na ‘n nuwe tyd te beskryf. Dit sal wees soos die vroeë môreson wat opkom en die duisternis van die nag verdryf, die oggendson wat helder afstraal op ons almal en wat ons pad verlig – die pad wat na verlossing en vrede lei. So, netso mooi soos die son wat vroegoggend in die Ooste opgekom het, die nag laat wegskuif en die dag laat aanbreek het, netso sal hierdie Messias wat God gestuur het ‘n nuwe dag laat aanbreek, ‘n genadetyd, lig in die duisternis bring. Miskien moet ons ‘n oomblik lank net toelaat dat hierdie beeld van die dagbreek, die nuutheid en varsheid, die helderheid van lig wat oor die nuwe dag skyn, ons verbeelding aangryp... so, netso heerlik en vol prag is die koms van die Jesus Christus na hierdie wêreld! Daarvan sing Sagaria se lied.

III

Die tweede gedeelte van hierdie lied gaan oor Johannes, ‘n antwoord op die mense se vraag net voor Johannes besny is: “wat sal tog van hierdie kindjie word?” En weereens gebruik Sagaria ‘n besondere Ou Testamentiese beeld om oor die kind te profeteer. Hy is bestem om vir dié Messias die weg voor te brei. Sy groot werk gaan wees om voor die Here uit te gaan en om die pad vir sy binnekoms die wêreld in gereed te maak.

Hierdie beeld van pad-gereedmaak kry mens ook telkens in die Ou Testament, byvoorbeeld in Jesaja 40 en Maleagi 3. As ‘n groot veggeneraal van ‘n oorlog waarin die oorwinning behaal is, dan was die binnetog van so ‘n oorwinnaar die stad in ‘n groot, triomfantelike feestelikheid.

Mense het die pad waarlangs die oorwinnaar inkom versier, gelyk gemaak, belyn met mense wat hom kon toejuig. En presies dit sou die kindjie Johannes se werk wees, om die pad voor te berei vir die koms van die oorwinnende Messias. Om die mense in te lig dat die oorlog gewen is, die slag geslaan is, die verlossing aangebreek het, en al wat oorbly is dat almal nou die Verlosser feesvierend moet kom verwelkom. Johannes moes die weg berei vir die koms van die Messias, die aanbreek van die nuwe era, die era van verlossing en vergiffenis en genade. Daarvoor was hy bestem, hierdie seuntjie met die naam "God is genadig".

IV

Ek het baie gewonder oor wat hierdie verhaal en Sagaria se lied nou eintlik vir ons vandag wil sê? Wat leer dit ons? Natuurlik is dit gewoon net 'n pragtige verhaal wat ons daaraan herinner dat Christus die Messias, die gestuurde van God is. Met die mooi beeld van die môreson wat opkom wil God dat ons dit vandag weer voor ons geestesoog kan sien, kan beleef, dankbaar kan vier. Dit bevestig aan ons dat God sy verbondsbeloftes gehou het, en vir ons die verlossing gestuur het. God het dit reeds gedoen. Die oorwinning is reeds behaal. Al wat vir ons oorbly is om langs die pad te staan en die oorwinnaar toe te juig, deur ons liedere en gebede, met ons dade en lewenshouding – 'n loflied te leef en te sing.

Maar dalk roep die gedeelte ons tog ook op om méér te doen as net om lof te besing. Dalk is elkeen van ons ook soos Johannes geroep om wegbereiders te wees, 'n pad oop te maak vir die koms van die koninkryk, mense op te roep om die oorwinning te kom vier; te wys en te vertel dat God genadig was en is; teenoor mense wat in die skaduwee van die dood lewe van die môreson te getuig; die lig wat die duisternis kom verdryf het in ons lewe te weerkaats – juis ook in vandag se diep donker wêreld.

En om dan vooruit te loop, ons voete op hierdie pad van vrede te plaas, sodat ander kan volg...

Gideon van der Watt